


## Hoekom delg God nie alle goddeloses uit nie?

[Verbond met Noag – Die genadige bewaringsverbond - Genesis 8:20 - 9:17]

Die wêreld is voorwaar 'n goddelose plek waar dit moeilik is vir gelowiges om 'n heilige lewe te lei. Het jy ook al gewonder hoekom vee God nie al die goddelose mense en hulle praktyke van die aarde af nie?

Die verbond met Noag gee vir ons perspektief hierop.

Tydens die skepping het God self van die skepping gesê "dit is goed", maar teen die tyd van Noag is die situasie beroerd. Die mensdom wyk al hoe verder van God se wil af, soveel so dat ons in Genesis 6:5 lees dat wat ookal die mensdom bedink altyd net sleg is. Dit is skokkend! Natuurlik gaan dit nie ongesiens by God verby nie. Hy is diep bedroef en gegrief hieroor, en besluit om op te tree: God gaan mens en dier van die aarde afvee! (Genesis 6:6)



God doen dit deur die sondvloed te stuur. God het immers in die begin alreeds aan Adam en Eva belowe dat as hulle van die boom van kennis van goed en kwaad sou eet, hulle sal sterf. Dood is die noodwendige gevolg van sonde. Aangesien alle mense die heeltyd net slegte dinge bedink, straf God alle mense en diere deur hulle te laat sterf in die sondvloed – behalwe Noag, sy sewe naaste familieleden en die diere saam met hom in die ark. Hulle word deur die Here begenadig (Genesis 6:8). Wanneer Noag-hulle na meer as 'n jaar die ark verlaat, sluit God met hulle 'n verbond, oftewel 'n ooreenkoms. In hierdie verbond maak God spesifieke beloftes, gee spesifieke opdragte aan Noag-hulle en gee 'n teken as 'n simbool om te herinner aan die inhoud van hierdie verbond.

### God se beloftes in die verbond met Noag (Genesis 8:21-22)

Die sondvloed is 'n duidelike waarskuwing aan die mensdom dat God nie sonde ongestraf laat bly nie. Boonop pas God se oordeel by die oortreding – as die hele mensdom in sonde val, wis God die hele mensdom uit.

Dit is egter verstommend dat God direk na die sondvloed teenoor Homself en teenoor Noag en sy seuns beloof om nie weer so 'n globale straf te stuur soos wat Hy sopas gedoen het nie (Genesis 8:21, 9:11). God beloof om vir solank as wat die aarde bestaan lewe op aarde in stand te hou deurdat Hy onderneem dat saaityd en oestyd, koue en hitte, somer en winter en dag en nag sal aanhou tot met die einde van die aarde. Wat dit so verstommend maak, is dat God selfs nou na die sondvloed sê dat die mens steeds net slegte dinge bedink! Hierdie optrede van die mens het sopas die sondvloed

tot gevolg gehad, en alhoewel hulle optrede nie verander het nie, beloof God tog om nie weer so 'n globale straf te stuur nie.

Hoekom nie? Beteken dit God gaan voortaan sonde ongestraf laat bly? Nee! God sal sekerlik steeds oordeel. Geen sonde sal ongestraf gelaat word nie – God se heiligheid vereis dat alle sonde deur die dood gestraf sal word. Wat God wel hier beloof, is dat Hy die oordeel tot met die einde van die wêreld gaan uitstel. Intussen sal God sorg dat die heelal bly bestaan en sal Hy alles in standhou wat nodig is om lewe daarin te bewaar. Uit die res van die Skrif weet ons dat die einde van die wêreld saamval met die finale oordeelsdag. God se oordeel word dus uitgestel tot met die finale oordeel. So skep God tyd om sy verlossingsplan in werking te stel – dit is die verlossingsplan waarvolgens almal wat in sy Seun glo as hulle enigste Verlosser, gered sal word van die finale oordeel.

### **God se opdragte aan Noag en sy seuns (Genesis 9:1-7)**

Na die sondvloed verwag God van Noag en sy seuns dat hulle moet vermeerder, die aarde moet vul en daarvoor moet heers. Dit is 'n herhaling van God se opdragte destyds aan Adam en Eva in die paradys, en God bevestig hiermee dat sy oorspronklike verwagting van die mensdom steeds dieselfde is - God se oordeel deur die uitwissing van die mensdom tydens die sondvloed het nie iets hieraan verander nie. Trouens, siende dat die menslike geslag nou ingeperk is tot net 8 mense, is daar soveel te meer dringendheid om die aarde te vul en daarvoor te heers.

Maar daar is 'n nuwe element wat God verwag: God het sopas onderneem dat Hy die heelal in stand sal hou tot die einde sodat lewe moontlik is. Hy verwag nou ook van mens en dier om lewe te respekteer. Daarom gee Hy nou aan die mensdom diere saam met die plante as voedsel om hulle in die lewe te hou. Van die diere verwag God dat hulle menseleuens moet respekteer – indien hulle dit nie doen nie, sal God van hulle rekenskap eis. Die mens het op sy beurt die verantwoordelikheid om die lewe van diere te respekteer deurdat hulle nie 'n dier se vleis sal eet met sy bloed (dit is sy lewe) daarin nie, en veral deurdat God rekenskap sal eis van enige mens wat die lewe van 'n ander mens neem. Trouens, God gee aan die mens die verantwoordelikheid om die lewe te eis van iemand wat 'n ander persoon se lewe geneem het.

Dus, God onderneem om alles wat nodig is te doen om lewe te bewaar tot die einde van die wêreld. Hy verwag dat mens en dier dieselfde sal doen. Daarom word hierdie verbond dikwels die bewaringsverbond genoem.

### **Die reënboog as teken van die verbond met Noag (Genesis 9:12-17)**

Soos wat meestal die geval is wanneer 'n verbond gesluit word, gee God ook hier 'n teken wat as herinnering moet dien sodat die ondernemings binne die verbond nagekom sal word. In hierdie geval is dit die reënboog. Dit is verstommend dat God sê dat die reënboog daar is as teken om **Hom te herinner** aan die inhoud van die verbond. Ons dink gewoonlik dat dit 'n teken

is om ons te herinner. Ek glo ons mag ook gerus maar herinner word aan hierdie verbond elke keer wat ons 'n reënboog sien – maar primêr is die teken daar vir God. Beteken dit dat God vergeetagtig is? Nee, dit gee eerder vir ons 'n aanduiding van hoe groot die appèl van God se heiligheid en regverdigheid op Homself is om sonde te straf. Die reënboog is die teken wat God voortdurend herinner dat Hy uit genade onderneem het om hierdie oordeel tydelik uit te stel. Dus is die Noagverbond ook 'n genadeverbond.

In die Noagverbond leer ons dat God homself verbind om sy oordeel oor die verdorwenheid van die mensdom voorlopig terug te hou tot met die einde van die wêreld. Intussen sal God alles doen wat nodig is om lewe op aarde te verseker. Sodoende skep God ruimte vir die implementering van Sy verlossingsplan. Intussen verwag God van mense om alle lewe te respekteer – veral die lewe van ander mense, siende dat hulle God se verteenwoordigers in die skepping is.

Die reënboog herinner God voortdurend hieraan. Wat van jou?